# St. Joachim & St. Anna

## 26 Julie



Volgens oorlewering is dit die name van Maria se ouers. Of ’n kind tot ’n volwaardige persoon uitgroei, hang tot ’n groot mate af van die ouers. Die ouers van die Maagd Maria moes besonderse mense gewees het. Dit sien ’n mens in die merkwaardige lewensverhaal van Maria, haar ontvanklikheid vir God wat tot uiting gekom het in die geboorte van onse Here Jesus Christus. Hoewel ons niks van hulle weet nie, is hierdie fees aan hulle gewy vir hul aandeel in ons heilsgeskiedenis. Op hierdie dag bring die Kerk op spesiale wyse hulde aan alle grootouers en erken ons die belangrike rol wat oupa’s en ouma’s in die familie en veral by die oordra van die geloof speel.

© Die Oratorium Uitgewery